191.A.1(6)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vir Die Burger.

Verw./Ref. No.

31 Maart, 1 April en 4 April 1972.

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 3-3117

~~Privaatsak 288~~
Private Bag
PRETORIA

## 'N BESOEK AAN WES-DUITSLAND - I

## UNIVERSITEIT EN STAAT

DEUR PROF. H.B. THOM,
VOORSITTER, NASIONALE ONDERWYSRAAD

My studentetyd in Berlyn, en herhaalde private besoeke wat my vrou en ek in later jare aan Duitsland gebring het, het my belangstelling vir dié land en sy mense baie lewendig gehou.

Nadat ek 'n paar keer vriendelike uitnodigings van Duitse instansies om sekere opvoedkundige inrigtings te besoek, vanweë werksomstandighede nie kon aanneem nie, het ek in April 1971 van die Alexander von Humboldt-Stigting 'n uitnodiging ontvang wat ek gevoel het nie maklik van die hand gewys kon word nie.

Die onderwys in die Wes-Duitse Bondsrepubliek verkeer in 'n interessante, betekenisvolle stadium; en om as gaste van 'n invloedryke organisasie soos die Von Humboldt-Stigting te gaan, sou vir my en my vrou deure oopmaak wat anders gewoonlik gesluit bly. Toe ons Minister van Nasionale Opvoeding bowendien die mening uitspreek dat so 'n besoek vir ons land van waarde kan wees, het ek nie meer getwyfel nie.

My vrou en ek het ses weke in die Bondsrepubliek deurgebring. In dié tyd het ek aan 35 formele samesprekings deelgeneem, d.i. simposia en onderhoude met regeringsamptenare, dosente en studente, en het ek 'n hele aantal besoeke afgelê aan opvoedkundige geboue en terreine en aan Duitse gesinne in hulle huise. In die reël het dit maklik en aangenaam verloop,

2/.........

maar soms was dit, vanweë die klimaat waarin ŉ Suid-Afrikaner party maal in die buiteland moet optree, ook nie so maklik en aangenaam nie. In elk geval was dit deurgaans belangwekkend en prikkelend, en kan ek opregte dank en waardering teenoor die Von Humboldt-Stigting betuig.

Wat ek in verband met die kwessie van die betrekking tussen Universiteit en Staat waargeneem het, het my terdeë geïnteresseer.

Onderwys en opvoeding is in die Bondsrepubliek die verantwoordelikheid van die Staat, egter nie van die Bond, d.i. van die sentrale bondsregering nie, maar wel van die verskillende state, of Länder, waaruit die Bondsrepubliek bestaan. Daar is altesame elf Länder, waarvan Beiere, Noord-Ryn-Wesfale en Baden-Württemberg waarskynlik die bekendste is. Wes-Berlyn, ofskoon afgesny van Wes-Duitsland en omring deur Kommunistiesgesinde Oos-Duitse gebied, word ook as ŉ staat - of Land - van die Bondsrepubliek beskou, terwyl Hamburg, wat histories ŉ vrye hansastad is en eintlik ŉ stadstaat op sigself uitmaak, in dieselfde lig gesien word.

Die Bondsregering bied wel sy hulp aan in verband met opvoedkundige sake van gemeenskaplike belang, soos navorsingswerk en beplanning vir die algemene welsyn, maar die Länder sorg vir hulle eie skole, kolleges en universiteite, en hulle is ook baie gretig om hierdie bevoegdheid ongeskonde te behou. Trouens ŉ mens merk in sommige Länder selfs ŉ gees van verset teen die optrede van die Bondsregering op opvoedkundige gebied, aangesien sodanige optrede as beperkend of ondermydend van gevestigde magte van die landsregerings beskou word.

ŉ Mens sien in hierdie bedeling iets van wat ons so lank in ons land geken het, waar die sentrale regering en die Provinsies sekere bevoegdhede in verband met die onderwys uitgeoefen het, ofskoon dadelik bygesê moet word dat die Länder in Duitsland veel groter magte in verband met die onderwys besit as wat die Provinsies ooit by ons gehad het.

Elke land, of staat, is verantwoordelik vir die finansiering van sy eie universiteite. Elke universiteit stel jaarliks sy eie begroting op; hy lê dit aan die landsregering voor; oor die verskillende uitgawe-poste word onderhandelings gevoer; en eindelik, as die regering tevrede gestel is, word die nodige voorsiening deur die landdag (staatsparlement) gemaak.

Professore van die universiteite word, na 'n vasgestelde prosedure van beroeping deur universiteitsinstansies, deur die betrokke landsregering aangestel, en hulle ontvang hulle salarisse dan ook van die landsregering. Dit is 'n stelsel wat vir ons vreemd voorkom, aangesien ons baie sterk klem lê op die outonomie van universiteite, en ons universiteite, ofskoon hulle ook in hoë mate deur die Staat gefinansier word, in finansiële sake onafhanklikheid geniet en ook hulle dosente en ander amptenare self betaal.

'n Mens sou egter 'n fout maak as jy meen dat die Duitse landsregerings, omrede van hulle finansiering van universiteite, 'n sterk beheer oor universiteite uitoefen. Die teendeel is eerder waar: ondanks regstreekse en volledige finansiering deur die _Länder_, en ondanks die feit dat die Duitse universiteite oor baie min eie fondse beskik - selfs nie eers klasgelde nie, want studente betaal vandag in die Bondsrepubliek nie meer klasgelde nie - is dit 'n erkende vereiste in Duitsland dat daar by universiteite sal bestaan wat tradisioneel bekend geword het as _Lehrfreiheit und Lernfreiheit_.

Weliswaar was dit nie altyd en oral só nie. Ervare gesaghebbende Duitse universiteitsmanne was dadelik bereid om dit ook toe te gee. Veral in die Hitler-tyd, ongeveer 1933 - 1945, was dit nie só nie.

Ek was baie geïnteresseerd in hierdie vraagstuk en het uitvoerig daaroor uitgevra. Een universiteitsrektor het dit kalm en onomwonde só gestel: Hitler, wat self weinig van die universiteit begryp het, was

4/......

die universiteit vyandig gesind; die universiteit moes sy politieke stelsel steun; die egte universiteit, wat vryheid van ondersoek en eerlike gevolgtrekkinge nagestreef het, was in sy oë 'n gevaar.

§ Die universiteite in die na-oorlogse Bondsrepubliek het in heftige verset teen die Hitler-opvatting gekom. Miskien het sommige nou weer te ver na die ander uiterste oorgeslaan en die verdienstelike leerstuk van akademiese vryheid gevaarlik naby gebring aan die wanopvatting wat akademiese vryheid soms byna met akademiese bandeloosheid gelyk maak.

Hoe dit sy, na die oorlog - en tot vandag toe - heers daar in die Bondsrepubliek 'n geesdrif (ek kan byna sê 'n woede) vir Universitätsreform. Die universiteit moet losgemaak word van die bande wat sy werk en gewete bind; daar moet weer ware Lehrfreiheit und Lernfreiheit wees.

Die Bondsregering en die Landsregerings werk geesdriftig hiertoe mee. 'n Mens word getref deur die aantal nuwe universiteite wat gestig is, en jy staan versteld oor die kapitale bedrae wat in universiteite gesteek word. In die afgelope tien jaar het dertien nuwe universiteite ontstaan, wat eventueel altesame sowat 80,000 studente sal huisves. Hulle het tot 1969 aan kapitale fondse alleen, d.w.s. met uitsluiting van lopende uitgawes vir bv. salarisse en administrasie, reeds sowat 1,600 miljoen mark (ongeveer R400 miljoen) geverg. Die Ruhr-Universiteit in die industriestad Bochum, die grootste van die nuwes, het vandag amper 14,000 studente, en aan sy geboue, wat ek self kon besoek, is van 1961 tot 1969 'n bedrag van 731 miljoen mark (ongeveer R183 miljoen) bestee.

'n Vername faktor in hierdie verband is die oortuiging waartoe sowel die landsregeringsas die Bondsregering gekom het, t.w. dat die universiteite toeganklik moet wees, nie slegs vir bevoorregtes nie, maar vir die volk. In die universiteitswese het Demokratisierung die wagwoord geword. Seuns en dogters uit alle huise, ryk of arm, moet na universiteite kan gaan; daar moet gelykheid van geleenthede wees,

Chancengleichheit waarvan ŉ mens so baie hoor. As jong mense die eksamen vir toelating tot die universiteite, die Abitur (min of meer matriek by ons) met goeie gevolg afgelê het, moet die deure van die universiteite vir hulle oopstaan.

In die lig hiervan kan ŉ mens maklik begryp waarom klasgelde deur die staatsowerhede afgeskaf is, waarom daar ŉ geweldige ontploffing in studentetalle gekom het, en waarom ŉ hele aantal nuwe universiteite opgerig moes word.

Die Bonds- en die staatsowerhede openbaar ook groot belangstelling in navorsingswerk. In die Bondsrepubliek, wat vandag een van die welvarendste lande van die wêreld is, word veral in die jongste jare enorme bedrae van owerheidsweë vir navorsingswerk beskikbaar gestel. Dit val ŉ mens egter op dat hierdie navorsingswerk veral aan institute gedoen word wat òf geen verband met universiteite het nie òf anders ŉ baie skrale verband, en wat òf onder ŉ landsregering òf onder die Bondsregering bestaan.

Onder hierdie bedeling dryf die navorsingswerk tot ŉ mate weg van die universiteite af. Aan die universiteite, waar klasse, eksamens, en administratiewe werk vir die groot getalle studente ontsettend baie tyd van dosente eis, word wel navorsingswerk vir skripsies en tesisse gedoen, maar groot-opgesette navorsing in lands- en nasionale belang vind ons by die institute. Hierdie toedrag het voor die hand liggende voordele, maar dit het, wat die universiteite betref, ook ŉ skadusy. ŉ Vooraanstaande professor, wat beroemd is as een van die voorste manne op sy vakgebied, het in ons gesprek sy lot bekla: „Jeden Tag gibt es nur Vorlesungen und Vorlesungen und Prüfungen und Prüfungen und Kommissionen und Kommissionen! Wenn ich eine Stelle an einem Institut bekommen kann, gehe ich sofort".

Die voorgaande is maar enkele indrukke. ŉ Mens sien veel wat vooruitstrewend en positief is, maar ook gevaartekens wat jy nie moet miskyk nie. En ek dink ek kan met vrymoedigheid sê dat die mense van die Bondsrepubliek dit inderdaad self ook nie miskyk nie.